



**Bou die stad.
Bou die toekoms!**

Pieter Bisschoff:
Inligting en bemerking

+27 (0) 53 030 0000

pieter@ontwikkelorania.co.za

KITSNUUS

Lees meer binne

Kolonel Chris Wyatt besoek Orania
Bl 2

Steve is gereed vir OGG
Bl 3

Vroue se gunsteling foto's
Bl 4

Opvoedkundig: Temperamente
Bl 5

Meningsopname: Besigheidsgeleenthede?
Bl 6

Die Boskamp pronk
Bl 7 en 8

Musiekblyspel 'n plesier
Bl 10

Ons Paradys Tuinuitdaging '26
Bl 12

Vrouemonumente Die Erfenisstigting
Bl 13

Sportskietprestasies
Bl 14

SKAKELS

www.koerania.co.za

Volg ons op sosiale media



NOODNOMMERS

Ongevalle | Brand | Veiligheid
060 501 7877 of 053 207 0089

Water & Riool | Elektries

053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 (Na-Ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

Afset vir mikrovervaardigers

Dia van Staden en Jan Snyder

Altesaam 53 plaaslike mikrovervaardigers en belangstellendes het onlangs 'n gesprek by Die Kosmol bygewoon. Die byeenkoms is deur Jan Snyder, eienaar van Die Toffiewinkel Padstal, gereël as 'n eerste stap om nuwe afsetgeleenthede vir Orania se vervaardigers, handwerkers en ambagslui te skep.

Snyder is reeds geruime tyd bekommerd oor die behoefte aan meer plaaslike inkomstegeleenthede. Omdat hy voortdurend na unieke handgemaakte produkte vir sy winkel soek, het hy besluit om plaaslike vervaardigers bymekaar te bring en 'n praktiese geleentheid vir die bemerking en verkoop van hul produkte aan hulle voor te stel.

Die sterk opkoms het volgens hom gewys dat daar groot belangstelling in kleinskaalse vervaardiging en ondernemingsontwikkeling in Orania bestaan.

Tydens die byeenkoms is 'n saamgestelde video vertoon waarin voorbeelde gewys is van hoe produkte soos kunstige kerse, houtwerk, dekorartikels, sementprodukte en plante in volhoubare kleinsakeondernemings ontwikkel kan word.

Vier hoofdoelwitte vir die inisiatief is as volg uiteengesit:

Om mikrovervaardiging in Orania te bevorder en 'n sterker grondslag vir plaaslike kleinsake en vervaardiging te lê. Om Die Toffiewinkel as vertoon- en verkooppunt vir plaaslik vervaardigde produkte te gebruik. Deelnemende vervaardigers sal weekliks vir hul verkope uitbetaal word.

Om uiteindelik 'n mikrovervaardigingsentrum te vestig waar verskeie plaaslike vervaardigers en ambagslui saam kan werk.

Om 'n aanlynwinkel te ontwikkel waardeur produkte uit Orania landwyd bemark en verkoop kan word.

Verteenwoordigers van die Orania Sakekamer het ook die beraad bygewoon. Snyder het 'n beroep op die sakegemeenskap en plaaslike instellings gedoen om te help om aanvangskapitaal deur bekostigbare lenings of skenkings beskikbaar te stel. Volgens Snyder kan 'n gebou of kompleks

waarin vier of vyf werksinkels saam gevestig word, meer as net vervaardigingsruimte bied. Dit kan ook as 'n toeristebestemming ontwikkel word waar besoekers kan sien hoe plaaslike produkte gemaak word en dit direk by die vervaardigers kan koop.

Verskeie deelnemers het tydens die beraad hul vaardighede, produkte en behoeftes bespreek.

Elmarie van Dalen het voorbeelde van haar handgeverfde materiaalprodukte aan die gehoor gewys.

Ina Peach het vertel dat sy voorheen probeer het om klere en ander lapprodukte te vervaardig. Hoewel sy oor die nodige toerusting beskik, het verskeie praktiese struikelblokke die onderneming gekniehalter. Sy benodig veral 'n geskikte perseel waar sy mense kan oplei en die vervaardiging kan uitbrei.

Snyder meen klere en ander tekstielprodukte kan 'n goeie vertrekpunt vir 'n groter plaaslike bedryf wees. Hierdie produkte is betreklik lig en kan daarom makliker en meer kostedoeltreffend na kopers elders in die land versprei word.

Niklaas Buys het Orania se instellings aangemoedig om 'n geskikte, toegeruste gebou teen gunstige voorwaardes beskikbaar te stel. Só 'n fasiliteit kan plaaslike opleiding, produksie en werkskepping 'n betekenisvolle hupstoot gee. Daar is ook belangstelling in tuisgebak en ingemaakte produkte,



Jan Snyder

waaronder konfyt en piekels, asook handgemaakte lekkers.

Verskeie deelnemers het ná die beraad aangedui dat hulle hul produkte aan Die Toffiewinkel wil voorlê. Die volgende stap sal wees om die beskikbare vaardighede, produkte, werkruimtes en finansieringsbehoefte in 'n werkbare plaaslike vervaardigingsnetwerk saam te bring.

Plaaslike inwoners wat in 'n klein werksinkel belangstel, of wat produkte vir moontlike verkoop wil voorlê, kan Jan Snyder per WhatsApp by 084 603 1827 kontak.



Die Musiekblyspel, Professor van Orania, is tydens Taalweek opgevoer. Frans de Klerk as Ben de Wet en Ruaan van Dyk as die Professor, het die gehoor laat skater. Lees meer op bl. 10.

Foto: Karen J van Rensburg

**SMAAKLIKE
SMULLEKKER
SOET GENOT**

076 705 2796/082 856 8391

Afsaalgebou, Orania

Foto slegs ter illustrasie

KOFFIE EN KLETS

met die redakteur

Die lewe se wagkamers

Wat is jou ervaring van 'n wagarea in die spreekkamer van 'n dokter, tandarts of dalk 'n terapeut? Alhoewel ek my altyd voorneem om baie koel en kalm voor te kom, is dit nooit die geval nie. Ek is onseker of die ontvangspersoneel dit kan agterkom, maar my binnegoed bewoos beheersd!

Ek poog altyd om die een te wees wat vrot van die vrolikheid voorkom, maar ek misluk elke keer. Ek groet abnormaal sag en die ontvangsdame is meestal nie geïntereesd in my emosies nie. "Waarmee help ons?" kom dit gewoonlik nogal bruusk uit. Dis wanneer ek onthou dat ek nie 'n hele weerberig moet lewer nie, maar die behoefte kort en kragtig moet uiter.

Om daar te sit en wag is 'n pyniging wat die meerderheid van sou kon vertel, as iemand net met mekaar wou praat! O aardetjie tog, soveel van 'n gefluister of akute stilte het een senuweeagtige mens lanklaas gehoor! Of nie. Ek was onlangs saam met vriende in 'n wagkamer. As toeskouer is dit nogal 'n meer gemoedelike belewenis. Dan neem jy ander waar, want die kortisol sit nie tot in jou benoude keel jou hele neurologie vol nie. Dié dag was dit meestal gesonde vroue wat hulle siek mense ondersteun het. 'n Wonderlike prikkeling van liefde en lewe het my hart gevul. Hoe kosbaar is dit om te kan omgee!

Ja, die ideaal is om uit die wagareas van die lewe te bly! Leef, eet, drink en gesels gesonde inhoud!

Voer die drie belangrike take uit, soos deur Simon Sinek voorgestel: Inspireer ander met jou doelwitte, neem verantwoordelikheid vir jou gesondheid en plaas die fokus op gesondheid as 'n spansport en deel van 'n gemeenskap deur jou leefstyl met ander te deel.

Die feit bly staan dat ek en jy die meeste tyd met onself deurbring. Waarom is dit so moeilik om vir onself lief te wees? Om vir onself goeie keuses te maak? Om vir onself die beste te wil najaag? "Die mens is 'n tropdier," word gesê. Ons doen nie almal goed met alleen-wees nie. Dalk is dit hoekom dit so moeilik is, want die invloed van ander is die hele tyd teenwoordig. Wat dink jy? Hoe voel jy? Wat sou jy? In plaas daarvan dat ons die JY met EK vervang, want dan het ek net myself om kwalik te neem as dit 'n swak keuse is? Eina! Daardie beeld in die spieël jaag my alweer. Die EK aan wie ek verantwoording moet doen. Die EK wat voor, tydens en na 'n ervaring die stukke moet optel.

Vir Vrouemaand wens ek vir elke vrou 'n gebalanseerde spieël, 'n gebreekte skaal, 'n engelvriendin, 'n positiewe ingesteldheid en 'n afwesige wagkamer. Respekteer jouself en eer die Vader vir sy goedheid en guns. Mag jou koffie stomend bly en die aroma vir jou 'n hupstoot gee. Jy is GENOEG! Spreuke van Salomo 31:10 Wie sal 'n deugsame vrou vind? Want haar waarde is ver bo korale.

Dia van Aarden



RUBRIEK Die Wynvlieg waai in Kersvader het 'n kolonel geword

- Wynvlieg Woltemade

Wynvlieg nooi 'n vriend na Orania en ontdek dat 'n mens soms 'n buitestander nodig het om jou eie huis weer raak te sien.

Ek het nog altyd gedink Kersvader is 'n eenvoudige man.

Hy kom in Desember.

Hy dra rooi.

Hy het 'n wit baard.

Hy lag baie.

Maar toe loop ek in Julie by Snippie Snappie in en daar staan Kersvader agter die restaurant met mense en gesels.

Ek kyk. Hy kyk. Ek kyk weer. Ek sit...

Toe dink ek: hierdie is mos Chris. 'n Amerikaanse kolonel. Afgetree. My vriend...

Nou, Wynvlieg het al baie vreemde dinge in Orania gesien, maar hierdie een het my vir 'n oomblik laat land.

Die waarheid is, ek het hom genooi en nooit gedink hy sal eendag opdaag nie.

Chris Wyatt is 'n vriend van Wynvlieg uit my intelligensiedae. Ek wou hê hy moes Orania kom sien. Nie op 'n foto nie. Nie deur iemand anders se oë nie. Ek wou hê hy moes hier loop, koffie drink, mense ontmoet en self uitvind wat hierdie vreemde klein Afrikaanse dorpie aan die Oranjerivier nou eintlik probeer doen.

Ek het net nie verwag dat hy soos Kersvader sou opdaag nie.

Laat Wynvlieg julle 'n geheim vertel... Chris is op Kersdag gebore. Sy naam is Chris juis daarom.

Nou begin Wynvlieg wonder of daar dalk meer aan die storie is.

'n Man wat op Kersdag gebore is.

Met 'n wit baard.

Wat in Julie in Orania opdaag.

En met mense oor hoop praat.

Sels 'n vlieg begin dan maar aan voorsienigheid dink.

Maar hier is waar die grappie vir my ophou.

Ek het gedink ek gaan vir Chris Orania wys.

Toe wys hy Orania vir my.

Nie die Orania waaroor mense op Facebook baklei nie. Nie die perfekte Orania nie. Ook nie die een wat altyd alles reg doen nie.

Die een wat werk.

Die een wat bou.

Die een waar 'n mens 'n besigheid begin omdat jy 'n behoefte sien. Waar kinders in Afrikaans skoolgaan. Waar mense hul eie probleme probeer oplos voordat hulle vra wie anders dit vir hulle kan doen.

Chris het dit raakgesien.

En miskien is dit die gevaar daarvan om êrens te lank te woon.

Jy raak gewoon aan die wonderwerk.

Afrikaans op die straat raak normaal.

Selfwerksaamheid raak normaal.

Mense wat hul eie gemeenskap probeer bou, raak normaal.

Die feit dat iemand elke oggend opstaan en sê: "Ek gaan vandag weer probeer," raak somer net Maandag.

'n Buitestander kan dit soms beter sien.

En Chris is nie iemand wat min van die wêreld gesien het nie. Hy het 'n groot deel van sy lewe tussen mense, lande en konflikte deurbring. Hy het Afrika van baie naderby gesien as wat die meeste Amerikaners ooit sal doen.

Hy het dus nie na Orania gekom omdat hy niks anders ken nie.

Hy het gekom nadat hy baie anders gesien het.

En wat hy hier raakgesien het, was hoop.

Nou weet Wynvlieg dat "hoop" 'n gevaarlike woord is. Ons gebruik dit so maklik dat dit soms niks meer beteken nie.

Maar ware hoop is nie om te dink dinge gaan net goed wees nie.



Ware hoop is om te weet dinge kan moeilik wees, en tog die volgende baksteen te lê.

Miskien is dit wat my die meeste van Chris getref het.

Hy het nie gekom om vir ons te sê dat alles perfek is nie.

Hy het net kom sê: "Ek sien wat julle probeer doen. Hou so aan."

En miskien het ek nodig gehad om dit weer te hoor.

Want soms raak 'n mens so besig om jou eie huis se krake te bespreek dat jy vergeet om na die fondasie te kyk.

Ek's Wynvlieg Woltemade. Ek het 'n vriend van ver genooi om Orania te kom sien. Ek het gedink ek gaan hom iets wys. Toe wys hy my iets in ruil. Ek sit nog steeds op sy Kersvaderbaard en dink daarvoor. Miskien is dit die ding van 'n goeie vriend: hy kom van ver af, kyk na jou wêreld en sê iets wat jy eintlik lankal moes raaksien.

En nou weet Wynvlieg net een ding: as 'n Amerikaanse kolonel met 'n wit baard weer in Julie by Snippie Snappie instap, gaan ek hom nie vra wat hy daar doen nie.

Ek gaan net luister...



ORANIA DAGBOEK

Augustus

14 Koerania Uitgawe 33

14 Taaldag/Taalweek (Oker)

September

5 Orania Gaan Groot

18 Koerania Uitgawe 34

Oktober

1-3 Orania Karnaval

2-3 Hangman kompetisie

3 Die Heuwels Fantasties

10 Helledag (Orania Beweging)

16 Koerania Uitgawe 35

November

8 Stap vir Jesus

11 Witkruisdag

18 Huppelkind Opedag en Kleureatletiek

20 Koerania Uitgawe 36

Desember

11 Koerania Uitgawe 37

16 Gelofte dag

25 Kersdag

26 Welwillendheidsdag

Stuur jou gebeure se volledige inligting na advertensies@koerania.co.za

Orania Dagboek word met trots geborg deur



Portfire &
Privaat Portefeuljes | FSP 50779

Maryna de Klerk
Makelaars BK

FSP 14913

Sel: 067 777 7772 | E-pos: info@portfire.co.za

Praat Saam
KOERANIA
mense weet

www.koerania.co.za



Steve Hofmeyr | 'n Stem vir vryheid, nostalgie en identiteit

Dia van Staden

Wanneer vanjaar se Orania gaan Groot (OGG) aanbreek, betree hierdie bekende kunstenaar bekende terrein.



Oor sy betrokkenheid merk hy op: "Om te kuier is dit my 5de keer. Om te sing, my 3de keer. Polities? My 100ste keer!" Sy unieke verhouding maak dat sy optrede en gesellige gesprekke vlot ineenvloei. Hy benadruk: "Omdat ek g'n politikus is nie, of geen amptelike stanning in die politiek het nie, skuld niemand my 'n politiese oudiënsie nie. Daar heers twyfel of enigiemand in die wêreld Orania iets kan leer oor onafhanklikheid. Meesal is ons gesprekke informeel en gesellig, en wat ek wil sê ek sommeer op die verhoog." Enige verdere gesprek omhels hy as bonus.

Oor Afrikaner-selfbeskikking verduidelik hy: "Selfbeskikking kan wissel tussen 'territoriale eienaarskap' en die 'ruimte om vry te wees' al besit jy nie die grond nie. Eersgenoemde het Orania reeds

vermag. Tiental staatlose volke sit vandag en studeer die Orania-model. Vir die res van ons is dit alles 'n weelde en moet ons vrede maak met wat prakties haalbaar is: die ruimte om ons kultuur, taal, uitdrukking en bewegings te kan beoefen daar waar ons onself bevind." Hierdie ruimte krimp vir minderhede: "Selfbeskikking is die kasteel van jou identiteit... jou kollektiewe waardes in die konteks van jou naaste, jou erfenis en jou God. Selfbeskikking moet jou koors wees, jou hunkering en jou grootste droom... Die droom van 'n volk om nie deur volksvreemdes regeer te word nie. Wat 'n skone ideaal." Hy waarsku dat meerderhede die gevaar loop om as minderheid wakker te word: "Ons weet eerstehands hoe dit voel en hoeveel pyn daarmee saamgaan." Hy vermy hierdie gesprek met meerderhede weens hul gebrek aan begrip.

Vir OGG belooft hy: "My konsert is 'n nostalgiese reis deur die musiek waarop ons groot geword het, gelag en gehuil het. Ek gooi bietjie Country hier en Neil Diamond daar en as ek klaar is daarmee, sing ek net Afrikaans. En as almal soet is, sing ek DIE BLOUBUL twee keer in 'n ry!" Oor Orania se volkslied skerts hy: "Glad nie. Ek leer nog die woorde van AMANDA! Maar as julle daardie aand vir my DIE ROEPSTEM VAN ORANIA sing, sal ek vir julle DIE STEM sing!" Sy musieksmaak verander elke 24 uur van Chris Else, Elvis Blue en Andriette tot Demi, Rikus, Bok, Spoegwolf, Rammstein en opera. Hy noem: "Mozart se 21ste klavierkonsert kalmeer as ek Julius en Cyril toesprake geluister het. Uiteindelik is ek maar ou skoolse rockers."

Oor sy loopbaan sê hy: "Ek is beslis nie ondankbaar vir hoe alles uitgedraai het nie... Ek sou graag tegnies

meer behendig wou wees. Ek sou 'n duet met Mimi en Ge wou doen... Uiteindelik het ek gedoen wat ek wou en was gelukkig om 'n mooi gehoor daarvoor te kry." Aan opkomende kunstenaars skerts hy: "Ek probeer hulle afraai omdat ons nie meer kompetisie benodig nie!" Hy raai hulle egter aan: "Word onafhanklik, skryf self, speel 'n instrument, leer programmeer, verstaan jou bedryf en sing soveel moontlik." Oor KI merk hy op: "Ek geniet KI vreeslik, maar ek is nie toondoof vir sy verlamming op ons skeppende vermoëns nie." Oor kreatiwiteit en kinders se musiekopvoeding, soos die Karoo Klanke-projek, sluit hy af: "Die kunste leer jou reeds om te gaan lewe in die plekke waar ander mense nie kom nie... Die beperkinge is 'n nuwe-effek, wat pal uitgedaag moet word."



Sonja Pienaar laat haar pet deur Steve reken tydens 'n onlangse konsert by Afriforum Teater.
Foto: Koerania

ONS vir jou, ORANIA!




Saterdag

5 September 2026

12:00 tot 22:00

Op die nuwe rugbyvelde van Orania CVO-skool



17:00 Rugby
Springbokke vs All Blacks
op LED grootskerm



ONS | Bok van Blerk | Steve Hofmeyr | Demi Lee Moore | Chris Steyn

Volwassenes: R250 • Studente: R200 • Skoliere: R120 • Voorskool: R50



Skandeer die QR Kode om jou kaartjies te koop

Kaartjies in Orania is beskikbaar by Orania CVO-skool, Wilco Groep, Orania Beweging, Huppelkind, Bo-Karoo Handel en Orania Ontwikkelingsmaatskappy. In Hopetown by Schutte Prokureurs, in Vanderkloof by Vanderkloof Apteek en in Petrusburg by Hinterland. Kaartjies is ook op [quicket.co.za](https://www.quicket.co.za) beskikbaar. Jy kan ook aanlynkaartjies bespreek deur net 'n WhatsApp-boodskap te stuur na: +27 61 130 8436. Sien julle daar!

Vrouemaand

Dit is Vrouemaand en dit is vir Koerania 'n voorreg om Orania se vroue te vier

'n Paar vroue deel hul gunsteling sosiale media familiefoto en vertel waarom dit 'n gunsteling is.



Dié foto is op 13 Augustus 2024 tydens 'n gesinsfotosessie geneem en wys die vyf Pereira's. Dit is vir my 'n besondere foto, omdat dit die waarde van familie vasvang. Dit maak nie saak hoe moeilik die lewe raak of deur watter uitdagings ons gaan nie, ek weet dat ek altyd na my familie kan draai. Wanneer ek na hierdie foto kyk, kan ek sommer weer hoor hoe lekker almal gelag het en voel ek die warmte van daardie oomblik. Vir my is hierdie foto 'n glimlag met 'n duisend woorde – 'n herinnering aan liefde, saamwees en die mense wat altyd daar sal wees.

Foto: Mathys, Maria, Werner, Anneri en Markus Pereira.



Hierdie is my gunsteling familiefoto omdat dit vir my wys hoe kosbaar familie en saamwees is. Ons het die dag 'n spesiale familiefotosessie in Augustus 2025 gehad, en hierdie foto vang die oomblik en ons gesin se liefde vir mekaar pragtig vas. Ek hou veral daarvan dat ons almal saam in die mooi, natuurlike omgewing van die Kalahari staan. Die foto herinner my aan ons wortels, die mense wat vir ons belangrik is en die spesiale oomblikke wat ons saam deel. Dit is 'n herinnering wat ek altyd sal koester en graag met ander wil deel.

Foto: Emmarentia en Heinrich Fourie, Esmarelda en Robert Nicolaisen, Esmari Nicolaisen, Henk en Marina Cloete, Helencia en TN van der Walt, Jaco en Nico van der Walt.



Sommige oomblikke vang die kern van die lewe vas, soos hierdie foto wat Ronin tydens hul kuier van ons geneem het. Soos die son oor die Beeldekoppie sak, word ons herinner dat elke sonsondergang 'n mooier afsluiting van 'n vol dag bied. Al bring sekere dae hul eie uitdagings en verloop dinge nie altyd volgens plan nie, is daar altyd die belofte van 'n nuwe môre vol hoop. Om hierdie oomblik saam met my man te beleef, vul my hart met dankbaarheid. Ek is waarlik geseënd.

Foto: Marnus en Hanlie Pieters



Hierdie foto is geneem in Mei 2026, voordat ons saamgestelde gesin saam na die musiekblyspel Ons vir jou by die AfriForum Teater gaan kyk het. Dit was 'n aand vol betekenis. Die foto weerspieël die pragtige liefde, respek, vertroue en omgee wat ons vir mekaar het. Ons saamgestelde gesin is soos 'n kosbare lappieskombers. Dit is 'n pragtige reis wat gestik is met vreugde. Ons huwelik is gebou op Christus as ons pilaar, en hierdie oomblik is 'n lewende getuigenis van Sy genade wat ons deur die afstand en tyd gedra het. Die foto dien as 'n spieël na die wêreld om te wys dat ons mekaar onvoorwaardelik liefhet.

Foto: L'lize Janse van Rensburg-Genis en Rian Genis.



Soms bring die lewe ons weer bymekaar op plekke en tye wat ons nooit sou kon dink nie. Broers en susters wat jare lank hul eie paaie stap – staan nou weer langs mekaar – verenig deur liefde en omgee. Al is die omstandighede hartseer was dit op 24 Julie vanjaar so spesiaal om mekaar weer vas te hou, stories te deel en te besef dat familie altyd 'n deel van jou hart bly en dat dit 'n kosbare band is wat nooit verlore sal gaan nie.

Foto: Annelize Booyens, Gerdinand Erasmus, Cornelis Erasmus, Irma Delpert.



Dit gaan altyd moeilik om al die kinders bymekaar te kry. Hierdie foto is in 2023 geneem, Desemberavakansie. Net hier in Orania. Al die kinders kon ongelukkig nie saam kom kuier nie. Wanneer ons almal saam is, is dit heerlik en elke foto wat dan geneem word is my gunsteling. Ons het oral ingeloer en gekuier en dié restaurant was 'n goeie keuse vir romerige melkskommels. Daar was selfs weer tyd vir bordspeletjies, iets wat ons graag as familie saam doen.

Foto: Marinda en Johan de Beer, Jean-Mari en Jakkie Fourie, Reinhardt, Karla en Verhona Coetzee.



Ek lief hierdie foto omdat ons hierdie jaar familie kon verwelkom as nuwe Oraniërs. 'n Nuwe tradisie van Sondagmiddag familie-ete is gebore. Dit sluit altyd elemente in van eie produksie en planne beraam vir uitbreiding, opgradering en nuwe projekte. Ons tuiste se naam is "Volop" en die kombuisrakke wat ons self gebou het, herinner my aan ons lewe van eenvoud en oorgloed in die Here se genade op die plek waar Hy ons geplant het met 'n toekomsvisie wat ons voor ons oë sien ontvou.

Foto: Celia en Pieter Loots met Willie en Deléne Snyman.

GRONDLYN Eie arbeid is naasteliefde

- dr Wikus Buys

Die brief van die apostel Paulus bevat 'n bevel om met jou eie hande te werk. So skryf Paulus in 1 Tess. 4:11-12: "... en julle eer daarin stel om rustig te lewe en julle eie sake te behartig en met julle eie hande te werk, soos ons julle beveel het, sodat julle welvoeglik kan wandel teenoor die wat buite is, en aan niks behoefte mag hê nie". Ons weet dat Paulus self die voorbeeld gestel het deurdat hy tente vervaardig het as beroep. Tog het ons hier nie maar net te make met die sogenaamde 'tentmaker-beginsel' waarvolgens sendelinge en Woordbedienaars selfonderhoudend is om hulle bedieningswerk te kan uitvoer nie. Paulus, Silvanus en Timotheüs rig hierdie evangeliese boodskap aan die gemeente in Thessalonika, en dus aan alle ware Christelike gemeentes. Ons het hier met die inrigting van 'n lewensreël vir 'n Christelike lewe te doen. Hierdie 'eie-hande-werk' lewensreël val nie somer uit die lug nie. Ons lig twee sake uit: Ten eerste die siening van werk soos wat die heidene van daardie tyd dit verstaan het. Tweedens dan ook die liefdesbasis waarop die eie-hande-werk reël berus.

Werk gesien as slawediens

Die ongelowiges word hier deur Paulus genoem 'die wat buite is'. Dit is belangrik dat Christene altyd bewus sal wees van hierdie punt: wat sê ander mense van God oor dit wat ons doen of nalaat om te doen. Orania is selfverklarend in Christelike gemeenskap. Hier is baie Christelike gemeentes, maar die hele dorp, stads- en streeksontwikkeling wil ons doen met die bakenlig van ons belydenis: Jesus Christus is Koning. Die oë van almal, selfs soos ons weet vanaf die buiteland, is op ons.

Sekerlik is nie al die oë wat na ons kyk, mede-Christene nie. Daar is beslis ook baie 'wat buite' die geloofsgemeenskap is, en waameem wat ons hier doen. Sommige van die oë is vol haat en nyd, ander is nuuskierig en van hulle is vriendelik en leergierig. Hoe dit ook al is, 'n Christen moet bedag wees daarop dat sy optrede 'n getuigenis is oor wie God is. Dit kan mense 'wat buite' is afstoot of aantrek. Ons taak op die aarde is om die eer en Naam van ons Here Jesus Christus groot te maak. In Paulus se tyd het die heidene, die wat buite die geloof in Christus is, die samelewing oorheers. Hulle het 'n bepaalde siening van arbeid gehad. Die bekende Griekse filosoof Aristoteles, is baie bekend daarvoor dat hy sou gesê het dat werk net vir slawe en vroue is. 'n Vry man, 'n burger van 'n stad, moet hom besig hou met die dieper dinge van die lewe en nadink oor wat waar en reg is. Kortliks kom dit daarop neer dat harde, hande werk basies maar slawe-werk is, en dat dit nie gedoen kan word deur iemand wat vry is nie. Vryheid is vir iemand wat nie hoef te werk nie. Sonder om 'n een op een vergelyking te tref, sou ons raaksien dat baie Afrikaners vandag nog oorkant die rivier, eintlik nog steeds hierdie ou Griekse siening van werk het. Werk is swaarkry, en vryheid is om los van swaar werk te wees. Werk is vir bediendes en slawe. In hierdie klimaat is Paulus se oproep om met jou eie hande te werk, vars en nuut. Hy stel verder dat 'n Christen rustig moet lewe, dit beteken ook dat jy jou nie onnodig indringerig met iemand anders se sake moet inmeng nie. Verder stel hy dat 'n Christen sy 'eie sake moet behartig'. Dit beteken om in die

gewoonte te leef om gedurig daarop ingestel te wees om deur 'n konstante daad iets tot stand te bring.

Werk gesien as liefdesdiens

Paulus gee die basis waarop hy hierdie Christelike lewensreël van 'eie-hande-werk' stel. Dit staan in 1 Tes. 4:9 waar dit oor die liefde gaan: "Oor die broederliefde het julle nie nodig dat ons julle skrywe nie, want julle is self deur God geleer om mekaar lief te hê". Die band met God bring mee dat mens jou band met ander mense in 'n nuwe lig sien. Liefde tot God vereis liefde tot jou medemens. Die Heilige Gees openbaar hier deur Paulus 'n wonderbaarlike insig aan ons: om met jou eie hande te werk, is ten diepste en ten eerste 'n liefdesdaad teenoor jou medemens. Laat ons dit bedink en as gewoonte in ons lewe op Orania aankweek. As mense, van binne die Christendom of daar buite, vir ons vra: waarom werk julle self? Laat ons dat antwoord met die woorde van Paulus: God het ons die liefde geleer, liefde vir Hom en ons medemens. Ons werk self uit liefde vir ons naaste, want deur dit te doen word ons nie 'n las vir ander mense nie. Deur met ons eie hande te werk het ons dan ook iets om vir die armes te gee, die weerloses, die bejaardes en die gestremdes wat nie altyd meer kan werk nie (2. Kor. 9:12). Die diepste beginsel van selfwerksaamheid is naasteliefde wat gebore word uit Godsliefde. Hoe wonderlik dat ons as Orania, as wordende stad en groeiende streek hierdie beginsel ons eie maak. Laat dit ons kompas bly deur met ons eie hande te werk omdat ons die liefde van God leer ken het en dat ons daardie liefde – werkbaar – as getuigenis van ons dankbaarheidsgeloof vir almal laat sien en ervaar.



OPVOEDKUNDIGE REEKS

Tipes, temperamente en teorieë

Contessa Kruger – www.herlaai.co.za

As jy nie met oogklappe deur die lewe wil gaan nie is dit belangrik om persoonlikhede te verstaan. Mense het verskillende sterkpunte en swakpunte – of jy wil weet of nie – jy ook. Hoe beter jy jou eie persoonlikheid en dié van ander verstaan, hoe beter sal jy met ander oor die weg kom en hoe meer sal jy onder die besef kom van hoe ander jou beleef en op jou persoonlikheid reageer.

Sonder 'n duidelike begrip van persoonlikhede, raak verhoudinge moeilik en kompleks. Maar om te weet hoe om jou optrede teenoor ander aan te pas – om hulle te pas – hoe makliker raak dit om beter te kommunikeer, of hulle jou kollegas, kinders of huweliksmaat is.

Hoe word ons unieke persoonlikheidstipe gevorm of gevestig? Dit is die vraag wat al duisende jare lank gevra word. Ongeveer 450 v.C. het Hippokrates en Plato die vraag al probeer antwoord. Sedertdien is dosyne verskillende persoonlikheidsteorieë ontwikkel. Sommige teorieë ondersteun bekende persoonlikheidsassesseringsinstrumente soos Myers Briggs® en DISC; ander is losstaande modelle of teorieë wat nie net persoonlikheid probeer verduidelik nie, maar ook motivering, gedrag, leerstyle ens.

Die doel van hierdie reeks is om gedrag, deur middel van persoonlikheidstyle maklik verstaanbaar te maak. Ons wil jou nie met wetenskap verwar nie, maar die inligting op 'n eenvoudige vlak toeganklik maak sodat dit deel van jou algemene kennis kan word.

As vertrekpunt is dit belangrik om te besef dat niemand ten volle weet in watter mate persoonlikheid deur oorerwing of omgewingsinvloede bepaal word nie. Die meeste studies dui aan dat dit 'n bietjie van elk is, rofweg helfte-helfte, hoewel dit natuurlik van persoon tot persoon verskil.

Niemand weet eintlik in watter mate persoonlikheid oor tyd verander nie. Dit is seker dat kinderjare 'n groot invloed op die vorming van persoonlikheid het. Dit is ook seker dat ernstige trauma op enige stadium van die lewe 'n persoon se persoonlikheid fundamenteel kan verander. Baie mense blyk ook emosioneel volwasse te word met ouderdom en ervaring, ander ongelukkig nie. Geen persoonlikheid is vas en onveranderlik nie. Wat volg het ten doel om 'n breë, toeganklike (hopelik interessante) vlak van kennis van die algemene persoonlikheidstyle oor te dra, sodat begrip daarvan jou in staat sal stel om aanleg, sensitiwiteit, kreatiwiteit ens. te identifiseer sodat jy jousself en ander om jou beter kan verstaan. Hierdie vlak van bewustheid is veel beter as om glad nie daarvan bewus te wees nie.

VRYWARING:

Die doel van hierdie reeks is nie om enigiemand te diagnoseer nie. Raadpleeg 'n geakkrediteerde sielkundige indien jy berading benodig. Mense met kliniese toestande, depressie en ernstige emosionele verstourings het gekwalifiseerde professionele hulp nodig.



KEN JOUSELF. VERSTAAN ANDER.

'n Sleutel tot beter kommunikasie, verhoudings en effektiewe opvoeding.



Contessa Kruger



MENINGS OPNAME Is daar besigheidsgeleenthede?

Wat sê Kleinsake van toekomstige besigheidsgeleenthede in Orania?

- Watter industrie kan werk skep?
- Watter industrie of tipe besigheid kan ekonomiese groei bewerkstellig?
- Wie se verantwoordelikheid is werkskepping en ekonomiese groei, volgens jou?



Stephan du Plessis

“ Stephan du Plessis – Die Koekiemonster
Ek dink in 'n vryhandel-ekonomie berus werkskepping by die privaatsektor, maar noue samewerking en ondersteuning van die owerheid is baie belangrik. Ons kort 'n amptelike toerismekantoor wat aktief met alle partye saamwerk om Orania te bemark, nie net as 'n Afrikanertuiste nie, maar as 'n naweek-wegbreek. Om dit te laat slaag moet ons fokus op aktiwiteite en gebeurtenisse vir elke naweek, wat nie net plaaslike inwoners teiken nie, maar spesifiek buitebesoekers. Ons inwonertal kan net soveel nuwe besighede ondersteun. Ons kort 'n konstante vloe van eksterne voete, m.a.w. toerisme. Sonder 'n gekoördineerde poging deur privaatsektor en owerheid gaan dit egter nie slaag nie. Sonder eksterne voete, neem elke nuwe besigheid wat oopmaak eenvoudig weg van bestaande besighede. Party maak toe, nuwes weer oop, 'n bouse kringloop. Laastens, ondersteun daadwerklik plaaslik, nie net in naam nie.



Martin Jordaan

“ Martin Jordaan –
Besighede wat fokus op uitvoer produkte en nie dink hulle gaan oorleef van die Orania gemeenskap nie.

- Watter industrie kan werk skep? Verwerkers van landbouprodukte uit die omgewing wat 'n mark buite Orania vir verwerkte produkte kan skep.
- Watter industrie of tipe besigheid kan ekonomiese groei bewerkstellig? Waardetoevoeging van produkte uit Orania en omliggende landbou gebied, wat produkte kan uitvoer en sodoende valuta laat invloei. Ook kundigheid wat uitgevoer word.
- Wie se verantwoordelikheid is werkskepping en ekonomiese groei, volgens jou? Die sakeman wat die plan het. Wat wel sal help is as daar waagkapitaal vir klein sake is en veral aanvangs en bedryfskapitaal, daarmee saam 'n mentor program wat kleinsake ondernemers kan bystaan en raad gee.



Werner Fourie

“ Werner Fourie – namens die Orania Sakekamer
Die skepping van werk en ekonomiese groei is primêr die rol van die entrepreneur. Maar, die entrepreneur funksioneer nie in 'n silo nie en het owerheid- en gemeenskapsinstellings nodig om sekere voorwaardes vir ekonomiese groei te stel. Sonder 'vrugbare grond', wat deur hierdie instellings verskaf word, kan die idees van entrepreneurs, wat lei tot werkskepping en ekonomiese groei, nie 'wortel skiet' nie.
Daar is verskeie tipe industrieë wat vir Orania groeipotensiaal inhou. Wanneer daar net gekyk word na die tipe natuurlike bates wat Orania het, naamlik 'n betroubare bron van water, goeie sonlig en bewerkbare grond, is landbou en die verwerking van landbouprodukte van die eerste goed waaraan een kan dink. Vervaardiging van lae-volume, hoë-waarde produkte kan ook werk, maar op hierdie stadium, weens ons klein skaal en afstand na markte, sal dit slegs vir besighede kan wees wat alle prosessering binne-huis kan doen en slegs 'n finale produk na buite versend. 'n Ander industrie wat reuse potensiaal toon is naskoolse opleiding en aanlyndienste. Die rede hiervoor is dat opleiding mense se kennis verbreed en verdiep, wat hulle in staat stel om meer innoverend op te tree en dat dit koopkrag na die dorp toe bring; studente lewe in die dorp. Verder skep dit ook poste vir lektore en stimuleer dit ander ondernemings op verskeie ander vlakke. Aanlyndienste oorkom weer afstand na markte en maak dit maklik om sekere werke te verrig sonder om fisies daar te wees. 'n Ander industrie, wat onderbennut word en seker een van die maklikste is om te stimuleer, is toerisme. Orania is wêreldwyd bekend en dit laat mense jeuk, maar niemand bied werklik iets aan om dit behoorlik te krap nie.



Lewe in oorloed... Oom Hendrik Verwoerd, 'n geliefde inwoner van Orania, het op 11 Augustus sy 86ste verjaardag gevier. By hom is sy vrou, Alida. Koerania wens oom Hendrik en die egpaar nog mooi gesonde jare vorentoe!
Foto: Oewer Restaurant

Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

Regsoplossings wat jou leefwêreld verbeter

- Advies met verkoop van eiendom
- Opstel van koopoorrenkomste
- Registrasie van oordragte
- Notariële waarmerkings
- Algemene regsadvies
- Eiendomsreg
- Testamente



**KONTAK ONS
VANDAG NOG!**

Tel: 012 941 9239 • E-pos: admin@hurterspies.co.za



LANGS DIE ORANJERIVIER

uitsig en toegang tot rivier en staproete



**Klein Paradys
vir 2 persone**

TWEE KAMPKAMERS

-  1 Dubbelbed,
-  2 Enkelbeddens
-  Elk met eie badkamer
-  Elkeen geskik vir 2 persone

TENTHUIS

-  Koningin grote bed plus enkelbed
- Geskik vir 2-3 persone

2 KARAVAN STAANPLEKKE

-  Uitsig op rivier
- Elkeen met eie badkamer
- Geskik vir karavaan/boswa/bakkie met dak tent

HOUTHUIS

-  1 Dubbelbed
- Geskik vir 2 persone

-  **OORNAGKAMERS (Familie eenheid)**
- 2 kamers, elk met dubbelbed en eie badkamer
- +
- 2 kamers met bad

BESPREEK NOU!

 Marietjie de Klerk @ 082 202 4686
Spagie de Klerk @ 082 202 4688

 E-pos: spagdeklerk@gmail.com

 Visarendstraat - Oos H038





BOSKAMP LANGS DIE RIVIER

Kom rus, ontspan en geniet die natuur.



BESPREEK NOU!



Marietjie de Klerk @ 082 202 4686
Spagie de Klerk @ 082 202 4688



E-pos: spagdeklerk@gmail.com



Visarendstraat-Oos H038

Twée nuwe name. Twée nuwe verhale

Met die groei in studentetalle het die behoefte vir nuwe koshuise by Bo-Karoo Opleiding ontstaan. Strijder Manskoshuis en Fleur Daghuis. Albei name dra 'n geskiedenis en simboliek wat veel verder strek as bloot 'n naam op 'n embleem. Strijder Manskoshuis se naam vind sy oorsprong in die eeue oue stryd van die Afrikaner om oor onself te regeer. Geskiedenis wat gekenmerk word deur volharding, vasberadenheid en die strewe om 'n identiteit en toekoms te behou. Die naam Strijder Manskoshuis simboliseer daarom

die karakter wat nie maklik terugdeins nie, maar met moed en deursettingsvermoë sy pad vorentoe baan. Dit word treffend weerspieël in die ratel op Strijder Manskoshuis se embleem, 'n karakter wat krag, vasberadenheid en standvastigheid uitstraal. Sô wil BKO jong manne kweek wat kan vasstaan in hul geloof, identiteit en selfstandigheid om eendag as volwaardige hoofde van hul eie huise te kan instaan. Fleur Daghuis se naam dra 'n besondere historiese betekenis. Fleur was die naam van Generaal

Christiaan de Wet se perd, wat die naam verbind aan 'n belangrike deel van ons geskiedenis en erfenis. Hierdie perd was sy konstante, sy getroue staatmaker. Dit is alles ook karaktereenskappe wat BKO as 'n instelling by jong dames wil vestig. Terselfdertyd roep die naam Fleur die beeld van blom en groei op, gepas vir 'n nuwe damesdaghuis waar jong vroue saam groei, ontwikkel en hul eie unieke identiteite vorm. Die blomme in Fleur se embleem versterk juis hierdie

simboliek van groei. Strijder Manskoshuis begin sy stryd. Fleur Daghuis begin blom. En albei koshuise begin 'n nalatenskap wat nog geskryf moet word! Dit is die begin van twee nuwe verhale, twee nuwe identiteite en twee nuwe nalatenskappe binne Bo-Karoo Opleiding.



Fleur Daghuis... Morné Pretorius (SR Voog), Kristie Obermeyer – bemarking en openbare betrekkinge (sport), Chené van der Merwe – primaria (akademie), Michelle Rust (Voog) en Leandri van Eeden – onder primaria (kultuur en kunste).



Groot Strijder Manskoshuis... vlnr staan Rossouw Dames (SR Voog), Johan Scholtz (Voog), Tommie Coetzee – onder primarius (akademie), Riaan Dippenaar – primarius (sport) en Walt Jackson – bemarking en openbare betrekkinge (kultuur en kunste).

Kom studeer op ons
kampus sonder mure

Tersiêre opleiding in skaars vaardighede

LANDBOU | TEGNIES | VERSORGING YKO

#VryheidDeurOpleidingEnArbeid
#StudietuisteVirAfrikaners



www.bko.co.za
ontvangs@bko.co.za
053 110 0620



BKO
BO-KAROO OPLEIDING



VANUIT DIE GEHOOR

- deur Hannekie Verwoerd

En daar loop ek dit mis! 'n Volbloedmusiekblyspel

Hier is wat ek agterna vertel is... en indien jy soos ek DIE PROFESSOR VAN ORANIA misgeloop het, gaan jy ook nou sê: spyt kom altyd te laat.

Wie sou kon raai dat 'n klein dorpie in die Bo-Karoo soveel sangtalent kan oplewer? Met karakters soos 'n swendelaar-"Professor", 'n burgermeestersvrou met hogere kultuuraspirasies, die immerteenwoordige dorp-skinderbekke en 'n juffrou wat gewoonlik nie nonsens vat nie, kan die storie net interessant en later nog interessanter word.

Die eerste toneel open met 'n voortvlugtige - besig met "strategiese onttrekking" uit die soveelste warmwatersituasie, na die veiligheid van sy broer se kantoor. Na 'n woordewisseling waarin ouboet sy voet neersit, blaas die jongman die aftog en ons sien hom aankom op Orania stasie.

Met sy aankoms in Orania is hy so gelukkig om die toevallige aanhoorder van die dorp-skinderbekke se stories oor die nuut beplande konservatorium (l.w. nie KREMATORIUM soos sommige van my informante gereken het nie...), die direkteurskap daarvan wat aan niemand minder nie as 'n professor kan gaan nie en die wonderlike voordele daaraan verbonde. En siedaar! 'n Nuwe en blink gedagte skiet die jongman te binne... 'n professorskop? Waarom dan nie.

En so ontvou die storie waarin ons sien hoe 'n swendelaar wat mense wil uitbuit vir sy eie sak, agterkom dat daar wel 'n liefde vir kultuur en 'n omgee vir mense in hom verskuil is. Iets van "gemeenskap" kom by hom tuis. Hy kom agter dat ander mense se geluk tog 'n snaar in sy hart roer wanneer hy hom besig hou met die

oprigting van gestruktureerde musiekopvoeding vir die dorp se kinders en talente uit die gemeenskap na vore roep wat niemand geweet het bestaan nie.

Dit alles gebeur natuurlik met die hulp van 'n jong musiekonderwyseres wat glad nie onooglik is nie... 'n kragtige motivering vir die "Professor" om nie, getrou aan sy swendelaarsaard, te maak of hy besig is met grandiose planne terwyl hy entlik net sy sake volstop met belastingbetalersgeld nie. Die storie ontknoop in 'n versoening tussen die twee broers toe die ouer een Orania kom red van sy jonger broer se bose en listige werkswyses en besef dat daar wel iets goeds in sy jonger broer se twyfelagtige talente sit. 'n Goeie einde word vir al die betrokkenes bewerk net voor daar nog 'n "strategiese onttrekking" aan die orde van die dag is.


My informante is dit roerend eens: die musiekblyspel was 'n sukses! Geluk aan Marike van Huyssteen en Elsa Nothnagel wat die produksie saamgestel en geskryf het. Dit het in almal se smaak geval, was regtig genotvol, met verrassend goeie sangstemme en ons sien uit na wat volgende jaar op die planke gaan verskyn.



BOEK RESENSIE

Grensloos saam met Wilna

Tydens 'n gesellige boekbekendstelling het Christa Steyn Bezuidenhout van Maroela Media met die bekende skrywer Wilna Adriaanse gesels oor haar nuutste spanningsroman, *Grensloos*. Die verhaal van Sabien speel in Botswana af en betrek 'n bush pilot asook uitsonderlike spoorsnyers. Hoewel dit 'n spanning-roman is, verken dit ook verlies, vertroue en tweede kanse. Die gehoor het heerlik gelag toe Wilna vertel van die skrywerslewe en vreemde internet-soektogte. Sy het skertsend opgemerk dat die "polisie skrywers sal toesluit indien hul toegang sou kry tot hul soekgeskiedenis op rekenaar," soos wanneer 'n mens soek na "hoe vermoor jy iemand met 'n pomelo..." of "hoe skiet jy na iemand dat jy hom of haar in die been tref." Oor die uitbeelding van geweld skryf sy egter met groot omsigtigheid. Sy noem dat "dit neem 'n paar dae om deur geweld te skryf, want dit kan nie net skokeffek wees nie. Dit moet deel van die storie wees... Dit moet integraal deel van die storie vorm." Om die balans te behou, bou sy ook ligter oomblikke in, want "iemand moet tussenin asem kan skep, en ek ook." Die titel verwys na verskeie grense - van taal en demografie tot reg en verkeerd. Wilna verduidelik: "Ek hou van die idee dat Sabien op middelgrond speel. Haar reg en verkeerd is nie vreeslike teenpole nie, maar ons kan soms donker kante hê, maar is meer as een dimensioneel." Uiteindelik streef Wilna na egtheid: "Ek kan nie vir 'n spesifieke teikengehoor skryf nie. Ek wil met integriteit skryf en nie foefies gebruik om 'n storie te vertel nie. Ek hoop karakters kom so deur dat mense so iemand in hul eie lewens kan sien."



Orania CVO-skool se Meneer & Mejuffrou
Dassie is Josua Kotzé en Lize-Mari Ferreira.



NUUSBROKKIES

Netbaldames presteer

'Alexia Smit en Bianca Groenewald het tydens die SPAR National Netball Championships 2026 die Frances Baard Seniornetbal Distrikspan verteenwoordig. Hulle het 'n goue medalje in die B3-afdeling verower.



Bo-Karoo Opleiding bou by

Bo-Karoo Opleiding (BKO) is tans met die konstruksie van nuwe klaskamers en werksinkels op hul Technika-kampus besig. Die uitbreiding bestaan uit twee fases, wat altesaam drie nuwe geboue insluit. Dit sal twee nuwe kursusse huisves met bykomende uitbreiding van die bestaande elektriese kursus. Fase een van die projek behoort teen die begin van 2027 afgehandel te wees. Die nuwe geriewe sal reeds vir die 2027-akademiese jaar ingerig wees.

Monument kry donateurs se name

Al 2 343 donateurs wat tot die oprigting van die Paul Kruger-monument bygedra het, se name pryk op die vlekvrystaalplate wat by dié terrein aangebring is. Die plate is in al vier windrigtings rondom die monument opgerig en is rotsvas in harde Karoo-klip ingewerk. Op hierdie borde staan die name van mense wat bereid was om iets blywend vir die Afrikaner te vestig. Die Paul Kruger-projek van 2025 het aan 'n stukkie geskiedenis help skryf.



Boekbekendstellings vat die pad

Prof Jannie Rossouw en dr Burgert Senekal toer saam met Oraniërs Joost Strydom, dr Carel Boshoff, Frans de Klerk en ander om Die boogbrug vanaf Orania II na Orania III en Selfstandigheid en Vryheid bekend te stel. 17 Augustus – Bloemfontein (Bloemfontein Coffee Roastery) om 18:00
18 Augustus – Potchefstroom (Toro Koffiewinkel) om 18:00
19 Augustus – Pretoria (Voortrekker Monument Liedjietuin) om 18:00



Skaars snytoerusting by ongelukstoneel

Op Vrydag 17 Julie het Orania Veiligheidsdienste 'n noodoproep in verband met 'n motorongeluk net buite Vanderkloof ontvang. Die OVD-personeel het hul in 'n reaksievoertuig en die OVD-brandweerwa na die toneel gehaas, en kon by nooddienswerkers, ambulanspersoneel, die SAPD en vrywilligers aansluit. Orania Veiligheidsdienste het ondersteuning aan mediese personeel gebied om die pasiënte te stabiliseer, terwyl 'n ander span die lewenskake en kragopwekker teen die helling afgebring het om met bevrydingswerk te begin. OVD-personeel het vir verskeie ure by die pasiënt wat in die wrak vasgekeer was, gebly totdat 'n volgende ambulans kon arriveer. Die ambulanspersoneel, SAPD, vrywilligers en ROCKET-lugambulans en OVD het op die toneel waarde toegevoeg. Een van die pasiënte is na afloop van die reddingsoperasie oorlede. Die span van Orania se medelye gaan na die familie uit.

Orania KONTREIWINKEL

SEDERT 1995

Waar die kontrei se mense, produkte en stories bymekaarkom!

Of jy nou iets prakties nodig het, 'n geskenkie soek, jou huis wil opkikker, 'n spesiale produk benodig of sommer net wil rondloer – die Kontreiwinkel is die plek om te kom kuier én inkopies te doen!

'N WÊRELD VAN PRODUKTE ONDER EEN DAK

- Wol, gare & handwerkbenodigdhede
- Geskenke & unieke geskenkprodukte
- Klere, T-hemde, pette & hoede
- Speelgoed & kinderprodukte
- Skryfbehoeftes, skoolbenodigdhede & kantoorware
- Juweliersware & bykomstighede
- Persoonlike versorging & skoonheidsprodukte
- Komberse, linne & huisware
- Serpe & winterbenodigdhede
- Koffie, bakers & lekkernye
- Aloe Ferox & ander spesialiteitsprodukte
- Sport- & ontspanningsprodukte
- Plaaslike produkte & kontrei-gunsteling
- Geskenkies vir elke geleentheid

ONS DIENSTE

- ID- en paspoortfoto's
- Drukwerkdienste in 'n wye verskeidenheid – van alledaagse drukwerk tot spesiale drukwerkbehoeftes
- Bestellings & spesiale aankope
- 'n Verskeidenheid produkte op bestelling
- Persoonlike, vriendelike kliëntediens

KOM KYK WAT IS NUUT!

Ons voorraad verander voortdurend – daarom is daar altyd iets nuuts om te ontdek.

- Van die praktiese tot die prettige.
- Van die gewone tot die besondere.
- Van 'n vinnige draai om iets te koop tot 'n lekker kuier deur die winkel.

Jy weet nooit wat jy by die Kontreiwinkel gaan raakloop nie!

KOM KUIER. KOM KYK. KOM ONTDEK.

Daar is 'n goeie kans dat ons dit het!

Laat Koerania maandeliks by jou voordeur aflewer!

Dit bly lekker om die papier in jou hand te hê wanneer jou eie gemeenskapsnuus gelees word.

Maak gebruik van die aanbod om jou Koerania te laat aflewer sodat jy altyd op hoogte bly van ons eie mense se stories.

Of jy by die huis of by jou besigheid is, Koerania se nuus spreek tot almal.

R600-00
vir 12 maande

Besoek ons webblad by
koerania.co.za/intekenvorm
of skandeer die QR Kode om in te teken.



Vir meer inligting kontak Dia van Staden by
083 726 1180 of epos
redakteur@koerania.co.za



Ons Paradys Tuinuitdaging '26

Is jy 'n beginner wanneer daar oor tuinmaak gesels word, of dink jy meer met jou beursie sodat daar prakties gewerk kan word om jou eie lushof te skep?

Koerania is 'n gemeenskapskoerant wat daarna uitsien om weer die gemeenskap se kreatiewe verskeidenheid te sien wanneer dit by tuinmaak kom.

Die Ons Paradys Tuinuitdaging skop nou af en registrasies sal tussen nou en 28 Oktober 2026 verwelkom word.

Indien daar 'n buurman of buurvrou se tuin is wat jou aandag trek, is jy welkom om daardie tuin en die samesteller daarvan te nomineer. Deelnemers van alle ouderdomme word verwelkom.

Die wenners in onderskeie afdelings sal tydens 'n spesifieke geleentheid aangekondig word.



Laat jou
tuin blom
Orania!

Vir watter afdeling of afdelings registreer jy?

1



Beginnerstuin
- Nie ouer as 3
jaar nie

2



Gevestigde
tuine

3



Groenteboks /
Groentetuin /
Pallettuin /
Vertikale tuin

4



Grasperk

5



Sakpas
tuinmaak (idee
in die klein)

6



Besigheid se
tuin



Die skakel na die registrasievorm sal in Septembermaand se Koerania beskikbaar gestel word.

Reëls en regulasies:

1. Alle afdelings is oop vir alle Orania inwoners, uitwoners en huurders, solank die tuin in Orania beskikbaar is vir besigtiging.
2. Indien jy onseker is oor die afdeling waarvoor jy moet inskryf kan jy Karin Buys kontak vir advies.
3. Jy is welkom om iemand anders se tuinwerk per afdeling te nomineer.
4. Daar sal uiteindelik drie beoordelaars wees om die uitdaging se wenners aan te wys.
5. Die name van wenners sal in die Koerania van Desember 2026 aangekondig word.
6. Alle registrasies moet voor 28 Oktober 2026 ingehandig word. Geen laat registrasies sal vir die uitdaging in ag geneem word nie.
7. Geen plastiek of nagmaakte blomme of plante sal vir enige van die afdelings in ag geneem word nie.

8. Die beoordelaars se besluit sal finaal wees en geen verdere korrespondensie sal na afloop van die uitdaging toegelaat word nie.
9. Beoordelaars behou die reg voor om persone te diskwalifiseer indien hul enige van die reëls en regulasies sou verontagsaam.
10. Geen foto's van u tuin word benodig vir die gratis registrasie nie. Foto's sal wel gedurende die beoordelingsproses geneem word.
11. U registrasie bevestig dat u instem dat die beoordelaars en media met u kennisname u tuin kan besoek en foto's kan neem.
12. U persoonlike data wat op die vorm verskyn word met niemand anders gedeel nie.
13. U registrasie bevestig dat u instem dat Koerania foto's van die tuin en van u as deelnemer mag neem en publiseer.
14. Die beoordelaars mag nie aan die uitdaging deelneem nie.
15. Geen wenners (eerste plekke) van die 2025 uitdaging mag vanjaar deelneem nie, maar wel weer in 2027.



Met trots
aangebied deur



KOERANIA

VROUEMAAND



Die Voortrekervrou

Die indrukwekkende Voortrekervrou voor die Voortrekkermonument is die grootste vrouebeeld in Suid-Afrika. Sy simboliseer die dapperheid, durf en deursettingsvermoë van die vroue wat die Groot Trek aangepak het.

Hierdie vroue het nie net hul huise en bekende wêreld agtergelaat nie – hulle het hul gesinne versorg, voorrade voorberei, siekes verpleeg en selfs tydens gevegte gehelp om gewere te laai en koeëls te maak. Hulle was die stille krag agter die Trek.

Die 2,5 ton-bronsbeeld, geskep deur Anton van Wouw, is op sigself 'n mylpaal: dit was die eerste openbare beeldhouwerk wat in een stuk in brons in Suid-Afrika gegiet is. Vandag staan dit steeds as 'n tydlose huldeblyk aan die moed van die Voortrekervrou.



Johanna van der Merwe

Voor die stadsaal in Moorreesburg staan die standbeeld van Johanna Cornelia van der Merwe – 'n vrou wie se naam sinoniem geword het met buitengewone moed. Tydens die moorde by Weenen op 17 Februarie 1838 het sy meer as 20 assegaaiwonde opgedoen, maar wonderbaarlik oorleef. Die aanval het haar vir die res van haar lewe gestrem gelaat. Haar dapperheid het haar 'n blywende plek in ons geskiedenis besorg. In 1938 is die Noordweste-trek se ossewa tydens die Simboliese Ossewatrek na haar vernoem, en in 1954 is haar standbeeld in Moorreesburg opgerig as huldeblyk aan haar moed en volharding.

Bron: Die Erfenisstigting

Kry jou eksemplaar van *Waarde ver bo korale: 30 vrouebeelde in Suid-Afrika* deur Elizma Smith by KultuurKafee: <https://kultuurkafee.com/.../waarde-ver-bo-korale-30.../>



Die Voortrekernooientjie

Op die gronde van Meisieskool Oranje in Bloemfontein staan die Voortrekernooientjie – 'n jong meisie wat met haar ken omhoog en vasberade teen die wind instap. Sy verbeeld moed, deursettingsvermoë en die krag om aan te hou, selfs wanneer die pad moeilik is.


Die beeld is in 1939 deur die beeldhouer Laurika Postma geskep en het sedertdien 'n geliefde simbool en deel van die skool se tradisies geword. Dit herinner ons daaraan dat moed nie deur ouderdom bepaal word nie, maar deur die bereidheid om vorentoe te bly beweeg.



Die Aronskelke

Die standbeeld van 'n jong meisie wat oorspronklik voor die Pretoria Onderwyskollege gestaan het, dra die woorde: “Moed, Blymoedigheid en Kalmté van gees.” Hierdie beeld is geïnspireer deur Natie du Toit, 'n verpleegster wat tydens die Anglo-Boereoorlog in die Middelburg-konsentrasiekamp diens gedoen het.

Te midde van lyding het sy armsvol aronskelke gepluk om tente te versier en kransies te maak – 'n eenvoudige gebaar wat hoop en skoonheid gebring het waar dit die nodigste was. Vandag leef haar nalatenskap voort in hierdie beeld, wat nou op die Universiteit van Pretoria se Groenkloof-kampus staan.



Die vrouebeeld wat geloofsvryheid simboliseer

Die indrukwekkende Hugentemonument in Franschhoek bring hulde aan die Franse Hugentote wat na Suid-Afrika gekom het op soek na geloofsvryheid. Die sentrale vrouebeeld verbeeld hierdie vryheid met 'n Bybel in haar een hand en 'n gebreekte ketting in die ander, terwyl sy die kled van verdrukking afwerp. Sy staan fier op die aardbol met haar voete op Frankryk – 'n kragtige herinnering aan die moed om vervolging agter te laat en 'n nuwe toekoms tegemoet te stap. Die monument, geskep deur Coert Steynberg, is op 14 April 1948 ingewy.

Orania skiet raak by Nasionale Sportskietkompetisie

Die Suid Afrikaans Sport en Jag Federasie se nasionale kompetisie is op 7 en 8 Augustus gehou. Hier volg die uitslae van Oraniërs wat deelgeneem het:

Onder 9

Cara Lambrechts - 1ste .22
 Strauss Strachan - 5de Jaggeweër / 6de .22
 Roelo Strachan: 4de Jaggeweër / 3de .22
 Kian Loots - 1ste PCP

Onder 14

RJ Botha - 8ste .22
 Nicolaas Lambrechts - 15de .22
 Fredri Strachan - 3de Jaggeweër / 4de .22
 Lilla Strauss - 3de PCP

Onder 19

Isabel Botha - 3de .22
 Joshua Strauss - 3de Jaggeweër / 3de .22 / 5de PCP
 Liaan Strachan - 2de Jaggeweër / 4de .22
 Reuven Strauss - 2de PCP / 4de Jaggeweër

Mans

Koos Loots - 6de PCP / 12de Jaggeweër / 16de Langafstand



Renier Botha - 19de Standaard Handwapen / 11de Jaggeweër
 Hugo Lambrecht - 17de Standaard Handwapen / 19de Jaggeweër / 11de Langafstand / 8de .22
 Roelof Strachan - 11 Kompak Handwapen / 12de Standaard Handwapen / 4de .22
 Leon Strauss - 4de Kompak Handwapen / 8ste PCP / 22ste .22

Dames

Dorinda Lambrechts - 7de .22
 Lizell Stauss - 2de Kompak Handwapen



Pa en seuns... Leon, Joshua en Reuven Strauss.



Broers wat kan mik... Strauss, Roelo, Fredri en Liaan Strachan het sommer al vroeg die roer in die hand begin neem en pas die dissipline wat jy met vuurwapens nodig het, ook in hul daaglikse lewens toe.



Roelof Strachan in aksie.



Isabel Botha het in die o/19 afdeling deelgeneem en haar pa, Renier, in die mansafdeling.



Cara Lambrechts.

Knapsak
 Kruidenierswinkel
 & Deli

Saffierstraat 143, Orania
 072 873 5731

Besigheidsure: Ma.-Sa. 07:00 - 20:00
 So. 12:00 - 16:00

